# DOKTER, DOKTER

geskryf deur

## Ilne Fourie

Toestemming vir opvoerregte berus by:

Ilne Fourie

e-posadres: ilnefourie@gmail.com

# DOKTER, DOKTER…

geskryf

deur

Ilne Fourie

## SQ 1 – RUDI MULLER: DOKTER, DOKTER

### Intro

Goeienaand dames en here, dokters en menere, ontvangsdames en knoppie-poppies, siekes en gesondes, geleerdes en genomineerdes!

Ek is Ilne Fourie en baie welkom by my splinternuwe vertoning Dokter, dokter! Nou dames en here, vir die van julle wat my nie ken nie – ek is 'n Vrystaatse Vryskut Aktrise. Dit is altyd vir my ongemaklik om vir mense te vertel wat ek doen as ek daardie gevreesde vraag kry: "*So, wat doen jy vir 'n lewe....*" "*Ek vryskut...*" Dan gewoontlik sak daar 'n sluier soos 'n Muslem in Mutasalem oor hulle oë voor die liggie dan aanflikker met die antwoord..."*Aaaaw, awesome! SO jy is soos 'n jagter? Ek het nog nooit gehoor van vrouens wat wild skiet nie!...*" "*Nee – ek is nie 'n skut nie. Ek Vryskut. Ek werk vir myself...*" "*Ooo, ag shame, het jy dan nie geswot nie.*" "*Ek het, ek was nog net nie famous genoeg om op 7de Laan te wees nie...so nou Freelance ek....*" "*Okay...cool. Hmmm, werk jy Mac Donalds? Is dit waar dat julle deesdae Free Range is? Jy weet, dit is darem maar so cruel om die hoendertjies so in hokkies te laat vreet tot hulle vrek. Ek hoor julle slag hulle voor hulle kans kon kry om 'n enkele veer te groei! Siesa, shame!*" "*Nee, Freelance en Free Range is twee verskillende goed. Ek werk nie by MacDonalds nie....en fankly voel ek 'n veer vir veerlose hoenders. Ek act. Jy weet – soos in to be or not te be....in my geval is dit meer soos to get paid, or not to get paid...*" "*Oooooooo, wow! Coolness! Totes awesome, mal verby! So, is jy like in famous? Saam met watter celebs het jy al gewerk...*"
Dit is 'n stupid vraag. As ek famous was dan sou ek nie nou hier met jou gestaan en praat het nie, want dan was ek op die cover van die Huisgenoot wat jy in jou hand vashou, en dan sou ek ook nie my maand se groceries met los kleingeld betaal het nie. En ja, ek het al vir Theuns Jordaan water in sy kleedkamer gesit en Ray Dylon se kitaar vasgehou terwyl hy handtekeninge uitdeel – so jip, super coolness, totes, awesome, mal verby.

So deesdae sê ek maar net ek lewe my droom. Dit skakel alle ongemaklike vrae en verduideliking uit. En besides dit – my ma is mal daaroor. Ek kan sien hoe bars haar hart van trots as ek dramaties agter my teekoppie uitloer en vir die nuuskierige bybelstudiegroepie sê: "Tannie, ek weet ek het nie 'n vaste inkomste nie, maar tenminste lewe ek my droom..."

**NOODHULP NERD**

Maar nou moet ek julle eers vertel, kyk ek wou nie altyd 'n aktrise word nie, o nee, ek het groot drome gekoester toe ek op Hoërskool was. Ek wou met alle mag en krag 'n dokter word! Maar soos 'n regte egte dokter, soos daai dokters wat wit jasse dra op Binnelanders en Greys Anatomy. Nou moet julle ook net eers verstaan – ek kom van 'n piepklein plattelandse dorpie af, in die middel van die Karoo, in die middel van nêrens, in die middel van Middelburg Oos-Kaap, wat beteken ons het net een klein Hoërskooltjie gehad – en ongelukkig was die skool hopeloos te klein vir my groot drome om eendag die Medici te betree. Want die enigste manier wat ek my dokter-drome kon verwesenlik was om deel te word van die medix span! Nou om deel te word van die Medix-span was so goed om met 'n Permanent kokie op jou voorkop te skryf: LOSER. Maar ek het nie omgegee nie! Ek sou my witjas kry en die wêreld genees van allerlei siektes en epidemies! En so word ek deel van die Medix-span, en dit is toe dat ek met 'n skok besef ek kry nie regtig 'n turn-on uit bloed en verbande nie, daarom het ek nie – NIE - die opleidingskurses van hoe om bloeding te stop of 'n kruis-slinger-armverband of snye bygewoon nie. Ek het langs die veld gesit en lemoenskywe aangedra. Dit was my werk. En toe op sestienjarige ouderdom kry ek 'n ongeneeslike siekte – wat my bloedruk en koors die dak in laat skiet – ROOI HAKSKENE!

So as die rugby-seisoen gekom het, was ek eerste daar. Ek het nie veel geweet van die game nie, maar het nie regtig om gegee nie. Dit was daai tyd van die jaar, dat ons almal gesit en kyk het vir kuite, bo-been spiere en borshare! Ek was so geinspireerd deur die sportmangees dat ek Jamblikke, Visblikke sommer in Engels ook vertaal het – FRUIT CANS, FISH CANS, THREE BY THREE, WE ARE, WE ARE, CANT YOU SEEEE! Nou jy sien dit werk mos maar altyd so op skool so, as jy cool is of jou pa die slaghuis besit – speel jy Eerste span. En dit was altyd die Eerste-span Netbal meisies wat vir die Rugby-seuns kom cheer het in hulle kort rompies of vir hulle Jelliebabies en Red Bull aangedra het. Die res moes maar op die paviljoen sit en iets probeer sien met die skoolhoof se verkyker. Maar omdat ek deel was van die medix span het ek 'n VIP Frontrow seat gekry, reg langs die veld op die halflyn. En al was ek eintlik net daar om lemoene aan te dra, het ek nie omgegee nie, ek wou hierdie jaar ordentlik kuite, bo-been spiere en borshare sien.

So is dit die groot game van die jaar – die SEVENS! En ek maak my gereed vir baie kuite, bo-beenspiere en borshare, wat toe ook nie gebeur het nie, want die helfde was in standerd ses. Maar wat 'n vervelige besigheid! Dit is belaglik omdat elke span dan net sewe spelers mag hê en niemand mekaar tackle nie en net die balle heen en weer oor die veld vir mekaar skop, want almal staan te ver uit mekaar. Na halftyd is ek so verveeld ek begin al self die lemoene uitdruk en lemoensap tap in glasies, toe een van die kinders skielik in mekaar vashardloop dat jy net tande sien trek. Die ref blaas sy fluitjie asof 'n trein gaan vertrek en beduie wild met sy arms.....

(*demonstrasie)* Ek sien die man kyk na my...ek gee nie om nie. Ek moet net lemoene aandra. Die man blaas daai fluitjie rooi en kyk weer na my! Ek kyk om, die ander Medix-meisies het gaan koeldrank koop en hier sit ek alleen met beseerde bebloede kinders, en ek het nie eers die kurses gedoen nie – ek moet net lemoene aandra! So dink ek....bly kalm Ilne! Bly kalm! Dalk kan jy nog 'n dokter word! GO for it! Ek kyk na die ref en sy wilde arms en besef hy beduie iets – en iewers in my agterkop lui daar 'n klokkie van Vit.C en skeurbuik, want dit is die enigste siekte wat ek kan genees sonder die opleidingskurses en ek gryp sak lemoene en ek hardloop! Nou lê die beseerdes aan die anderkant van die veld met ander woorde ek moet 200 meter aflê om die kind te red, of altans te red wat te rede is! Ek is later so moeg gehardloop dat ek stop in die middel van die veld om asem te skep....toe ek weer sien het hulle intussen weer afgeskop en begin skrum reg agter my! Ek trap my wit hardloop-tekkies vas in die gras, word amper plat getackle en sleep drie standerd sesse agterna, want hulle dink toe ek is deel van die game, en uiteindelik haal ek die beseerde kind aan die anderkant van die veld in. Ek verwag die ergste....Kopwond, gebreekte been, af skouer.....

Ilne: (*uitasem)* Ek sien oom wys oom soek lemoene! (*demonstreer)*

REF: Nee pop! Dit is die sign vir MEDIX – waar het jy jou kurses gedoen?

ILNE: Ek vererg my amper! Ek moet net lemoene aandra! Ek werk nie hier nie!

REF: Jy het 'n wit suit aan. Jy werk hier. Kom die ou bul het 'n slegte hou gekry op die neus....Vat hom en stop die bloed. Toe kom die laaitjie het 'n harde game om klaar te maak. Toe pop, hy gaan nie byt nie!

ILNE: Ek kyk na die verskrompelde kind voor my! Dat ek al die blêrrie pad moes hardloop vir ‘n neus wat bloei! Ek slaat hom so amper weer op die neus! Kom, die goed lê daar anderkant! En so loop ek met die kind oor die rugbyveld tussen die game deur. Ek gaan not te hel ver om loop nie! Die kind word weer amper stukkend getackle want die loop soos ‘n blinde neus-in-die-lug terwyl ek hom moet lei. Hey! Jy moet kyk waar jy loop! Netnou is jou been ook gebreek en daaraan gaan ek boggerol kan doen!

Die kind plak neer op die gras – dis net bloed oral. Ek eers gedink dit sou darem al teen die tyd stop, maar hy sit en tap die een pint na die ander.

KIND: Jy weet wat jy doen nê?

Ilne: Ek stres. Ja, natuurlik. Wie het die wit suit aan. Ek of jy? Ek sit en wonder nou....wat moet ek met die neus wat bloei doen. En skielik is dit asof daar ‘n lig vir my aangaan! Ek het nou wel nie die kurses gedoen nie, maar enige bobbejaan weet jy moet eers ‘n wond ontsmet. Ek gryp die vyf liter bottel Dettol en druk ‘n bol watte daarin vas en lê hom in soos ‘n appelkoos in stroop. Die kind se oë rek.

KIND: Wat gaan jy nou maak met daai? Moet jy nie net ys opsit nie?

Ilne: Ek vra weer – wie het die wit suit aan, ek of jy? En besides, netnou ontsteek dit...ek moet dit eers skoonmaak. Die kind staar my aan met groot oë. Toe vir wat kyk jy? Vat weg jou hand dat ek die watte in jou neus kan kry! En kyk, om my vinger in sy neus te druk gril my! Ek knyp my oë toe - gryp daai watte-pluisie en druk hom met so ‘n force in daai kind se neus op duskant verby die kind se sinusholtes in! Ontsmet sal ek vir jou ontsmet! Die kind se oë dop om en wraagtag daar pass hy uit, sy oë traan so dat dit lyk of hy smelt! Ek skrik vir my in ‘n ander bloedgroep in! O vrek, daar maak ek nou die kind dood, met ‘n blêrrie Dettol-pluisie! Toe besluit ek bogger die kurses en ek slat hom deur die gesig soos op die movies! Hey! Jy! Word wakker! Hou op ‘n sissie wees man, dis net Dettol! Kom jy het nog ‘n harde game oor! Hey!

En waaragtag daar spring die kind op en hol met wilde oë na die kantlyn toe. Hy is so high soos ‘n dagga-gwaai en hy ruik soos ‘n shebeen van al die alkohol in die Dettol! O vrek, dink ek, hier is dit nou! Hulle gaan die maer kind tackle en dan moet ek hom weer dokter!

Nog voor ek kan dink of die Dettol toe draai gryp die kind die bal en hol doellyn toe. Hy is so gekap van die Dettol-walms dat sy bene sommer so vanself side-step! En voor ek nog die Dettol terug sit in die rooi tassie druk hy 'n drie! En toe besluit ek – ek haal daai Dettol uit. Net vir incase....jy weet, net om vir hulle so bietjie woema te gee! Jy weet, net so bietjie survival!

**SQ 2 – HIE KOM DIE BOKKE!**

**ONTVANGSDAMES**

Needless to say, ek is permanent geskors van die Medix-span en my dokter-drome het heelaas nie gerealiseer nie. Wat my toe laat besef het miskien is dit beter as ek ander mense se stories vertel. En dit is die kort en lank van hoe ek 'n aktrise geword het. Maar die een beroep vir wie ek die wêreld se respek het is – ontvangsdames! Kyk, daai vrouens is 'n ander koppie tee! Dit is daardie tipe vrou wat kaalvoet oor die Drakensberge sou getrek het sonder om een keer te kla as 'n ossewa oor 'n krans foeter! Ek weet nie hoe hulle dit doen nie. Want die een ding wat 'n ontvangsdame moet hê behalwe haar uitmuntende Word en Excell skills, people skills en Nommer asseblief telefoon telepatie is GEDULD! Kyk mense dink mos as jy 'n ontvangsdame word is jy 'n gefrustreerde huisvrou wat hou van telefone antwoord. Want vrouens hou mos van gesels, hulle is mal daaroor om heeldag op die telefoon te lê – hierdie is die ideale dream job waaroor enige middeljarige tuisteskepper kan liries raak! Nou dames en here, dit is presies waar julle die bus mis! Wanneer jy 'n ontvangsdame is – is jy nie NET 'N ONTVANGSDAME NIE! O neeee! Daar is soveel meer diepte en dimensie daaraan verbonde. Jy word 'n vriendin, 'n vertroueling, ma, 'n sielkundige, 'n sentrale, 'n simpatiseerder, 'n redeneerder, 'n lang verlore dogter, 'n dokter, 'n ensiklopedie, 'n woordeboek, 'n gps, 'n Google app, die ander vrou, 'n irretasie, of flirtasie,'n kommentator, 'n joernalis, 'n apteker, 'n boereraat boffin, 'n pappegaai wat moet raai sonder om te kraai....jy is nooit net 'n ontvangsdame nie. Nou kyk, ek kan baie dinge hanteer, maar simpel vrae is my gat se deksel. Hoekom vra mense simpel vrae?? Want ek vra jou nou met trane in my oë – hoe beantwoord jy hierdie spesifieke vrae so vriendelik as moontlik met 'n glimlag wat lyk soos 'n Alsation wat sopas 'n huisinbraak aanskou het as jy besig is met histeriese huilende, snuifende, hoesende en proesende pasiente!

*Dokter, Dokter....Haai is julle oop?* Nee, weet jy, ek het die kantoorfoon gekoppel aan my landlyn. Ek skakel jou gou deur na my man wat besig is om krieket te kyk terwyl ek die hoender en die pampoen van die stoof af haal dan hoor ons gou waarmee kan ek help.

*Skies, het julle 'n toilet?* Nee, ons piepie sommer in die potplante – die varings is vir die mans en die gedroogde kosmosrangskikking is vir die vrouens.

*Dokter, Dokter....Hallo Juffie, ek skakel net in verband met my afspraak om 11h.* Dit is reg ja. U is om 11h by die die Kardioloog. Alles is in die haak. *Nou juffie, sal jy asseblief seker maak dat ek op die kop 11h die dokter kan sien...*Meneer, hierdie is 'n kardioloog. 'n Hartspesialis. Ek kan ongelukkig nie waarborg dat niemand 'n hartaanval presies om 11h gaan kry nie as u moet ingaan nie – maar ek hoop van harte u kry nie dalk een nie.

*Mag ek maar sit?* Ek weet nie – wat het u huisdokter vir u laas gesê?

*Dokter, Dokter...Dame, ek skakel net om te hoor oor die nil per mond besigheid.* Ja mevrou. Waarmee help ek. *Mag ek 'n teetjie en marie biscuits met bietjie marmit eet?* Jammer mevrou, ongelukkig nie. *Nie eers 'n broodjie of 'n ou appeltjie nie?* Nee mevrou, dit sê duidelik – nil per mond. *Water met suurlemoen en heuning?* My fffffffffff......nil – soos in nul, soos in niks, nadda, ziltch, nixies, &^%$OL! *Nou wat mag ek eet?* Mevrou u mag die volgende inneem – O2, suurstof, groot happe en mondevol suurstof. As u steeds 'n honger kolletjie het, stofsuig die sitkamer en steek u tong uit – so sal u 'n lekseltjie stof kan geniet.

*Goeiemôre Mevrou....ek wil net die dokter kom sien. Dit is reg meneer, het u 'n afspraak? Ja. Sê gou wat is u naam. Gouws. Henry Gouws. Ek is jammer meneer u is ongelukkig nie in die afspraakboek aangeteken nie, is u seker u het by hierdie spesifieke praktyk u afspraak gemaak? Mevroutjie, is dit vandag die 10de November? Ja, meneer dit is. Nou, dokter het vir my gesê ek moet hom oor 'n jaar kom sien, en dit was laasjaar die 10de November – so hier is ek nou. Mag ek maar die dokter sien? Maar meneer u het nie 'n afspraak gemaak nie. Maar Mevroutjie dit is mos nou outomaties dat dit vandag 'n jaar later is!* Meneer – die enigste ding in hierdie praktyk wat outomaties is is my kar en die wasmasjien!

Dokter, Dokter....”*Hoor hier, is julle Sondag oop?*” *Nee ongelukkig nie mevrou. Ons is baie jammer. “Dit is darem maar uiters swak! Hoekom is julle nie oop nie?”* Wel iemand moet seker kerk toe gaan om vir die siekes te bid.

Dokter, Dokter...”Hallo dametjie, ons is hier om vir Dokter Botha te sien.” “Dit is reg Mevrou, ek sien julle bring vir Liandri vir ‘n stekie op haar ken. Siestog, ek hoor sy het van haar driewiel afgeval. Julle kan maar deurgaan – Dokter wag vir haar.” “Dankie Dame. Kom pappa, help vir ouma en Leroy bring vir Liandri – Leroy, sleep jou lip op die vloer? Sleep hy op die vloer! Moenie dat ek jou playstation wegvat nie Leroy – jy is op dun ys, help jou sussie magtag! Dankie dame. Hier deur?” “Ja, dit is reg, maar u hoef nie almal in te gaan nie. Ek verstaan as u wil saamgaan om Liandri se handjie vas te hou, maar dokter verkies om slegs die pasient te sien. Sy kantoortjie is maar klein.” “O – oraait, maar ons almal wil hom sien. Pappa het sy vinger in die garagedeur vasgeslaan, ouma het ‘n ingroeitoonnael wat moet uit, Leroy het sy hammie geskeur by die sevens, ek het ‘n ongemaklike krapperigheidjie in my keel, ek dink dit is sinusitus en dan natuurlik sussa se stekie wat sy moet kry. Dokter moet haar sommer inent ook – daar is weer kopluise en waterpokkies wat in die skole rondhardloop. Kan ons maar deurgaan?” Natuurlik. Ek bel solank die Wimpy oorkant die straat en bespreek vir ‘n booth in die family eenheid. Julle sal seker vir sussa wil vat vir ‘n Milkshake en ‘n wafel. En ‘n Burger vir pappa, ‘n Chicken Mayo vir ouma, ‘n hoenderslaai vir jou en ‘n trippeldecker mega burger vir boeta. Maar ek sal laat weet julle betaal net vir sussa se milkshake en wafel. Okay?

The worst is when you have to phone your patients. Somehow they always expect you to answer the phone – but the moment you are looking for them they are no where to be found!

Hello? Hey, can I please speak to mister Kwalimanideileweasie? Hello? Hello? May I speak to Mnr. Kwalimandi, o for crying in a bucket. . .may I speak to Mnr. Kwalimandi please. Hello? Yes. To whom? MAY I SPEAK TO . . .can I just speak to someone who can help me to speak to Mister.... Hello, hello, is this Mnr. Koggelmander thats speaking? Who? NO, I DONT HAVE A TAP THAT IS LEAKING, AM I SPEAKING TO THE RIGHT PERSON? Ok, I hold on.
(*musiek speel in die agtergrond)*

**<u>SQ 3 – MARBLE HALLS</u>**

Hello! Is someone still here! Hello! Am I the only one on the line now? Huh? HEELLLOOO! Ag for ffff....Hello!  O I am sorry, who is speaking now? Sorry mammie! But it is an emergency...Where is Mnr. Kwalimanideileweasie, he is on teabrake. Call back later....I see...mam, I have just missed my teabreak because I am trying to find him so tell him to suck it up and take this call....no I am not being rude...yes, but...Listen, just get Mister whats his face on the phone and please get something else than Enya to play in the background...are you going to...what? I beg your pardon...listen, you are not being nice either...I just want to...Did she just cut me off....the little bitch....

Doctor, Doctor...I am sorry mam, I won't be able to answer your call – because I AM ON MY TEABREAK!

Dokter, Dokter....*Hallo, hoor hier, ek voel nou so bietjie akward om vir jou dit te vra, maar ek wil net hoor het dokter dalk vir my 'n gaatjie oop vir vanmiddag?* Ja, sekerlik mevrou, hier is 'n plekkie oop. Waarvoor is dit wat u hom voor wil kom sien? "*Ag, dit is net ietsie kleins...ek het so bietjie pyn."* No shit sherlock...okay...dame, kan u dalk meer spesifiek wees – watter tipe pyn?  "*Nee maar soos in 'n pyn-pyn..."*  Ek weet, maar wat is die graad en die omvang van die pyn. "*Sjoe, ja, dit is nou moeilik om te sê...dit is soos 'n dowwe pyn, maar nie 'n aanhoudende pyn nie, soms 'n steekpyn soos mildsteek, maar nie 'n kloppende pyn nie.  Dit is ook nie 'n chroniese pyn nie, want dit het eers vanoggend begin. Dit voel anders 'n kramp, jy weet soos 'n pyn – maar nie soos 'n migraine hoofpyn nie, meer soos 'n kloppende pyn, amper soos 'n pins en needles gevoel maar meer pynlik as dit, 'n diep pyn wat nou nie so diep is nie, dit is nie maagpyn nie, ook nie spierpyne of tandpyn of menstruasiepyne nie, dit is net 'n pyn. Soos in 'n pyn wat nie wil verdwyn...verstaan jy?*  Mevrou, ek weet presies waarvan u praat – ek het net so pyn – in my GAT!

**<u>SQ 4 – lui lui Telefoon</u>**

And the madness does not stop here! O no! This is only the start – because right after the poor receptionist made the appointment then the patients have to go see the doctor. And this is where the pawpaw really strikes the fan! Because as a doctor you must always – always remember to stay calm at all times.  Even if a patient walks into your office and drinks your water or glass of juice on your desk and smiles friendly saying: "Aaaaw, thanks Doc, that is so kind of you. Thank you for your hospitality! It really wasn't necessary"…. I

think to make this more understandable for everyone is to categorise patients into three groups – first you have your ER patients – Erratic Ranter of in Afrikaans – jou Histeriese Hiperventileerder. And this is a typical study case of an Erratic Ranter.

“Good morning Mam, how are you today?” “ajjsfjoiiaewjflammflsakjfoejfrlamfoijje”

“Okay, you will need to slow down for me, I did not get that…” “slfjooiajsjfofwaeoiifjlkmie”

“Mam, I seriously need you to calm down!” “SDLKKFJSKKFJOWIJFOSJJFSKKJJFOWIEJF”

“Okay, sorry, yes, you are calm…you are very calm….” “lksjdfoijj”

“It’s a pleasure….Mam, before we start…did you take any sedatives or strong medicine before you came to see me?” “dskjfsij???”

“Like a triple brandy or a stiff whiskey maybe?” “Djjkjsfoiijoiwejfwjjru23urojjfojiskjfi…”

“Okay, just a virgin Martini….so what can I do for you? “lskjjflksjfoijekkflkkd”

“I see….that is something…and how do you feel today?” “lsjjdfoijoiwejfld”

“And how do you feel about it?” “lskjfoiijweoijfiwijeofsdmmcoiijjowiieff…”

“Okay…I see….Do you have any pain?” “lkksjjfoijjaooijoifjjsojcoiisjfosjjfkssijjoief”

“And would you like to get something for that?” “dlkmmsdofijwoiejfmmlkkjsdf”

“Rigth. I am just gonna give you a double dose of rescues and you can take it with half a glass of vodka. I am also gonna give your husband a set of earplugs….it is complementary and an asthma pump because you just need to breath woman!”

Ever wonder why we have such horrible handwriting – it is because we have to write everything down in phonetics!

**SQ 5 – HELP Beatles**

En dan kry jy die volgende groep – jou CLUELESS IPEKONDERS. Hierdie tipe pasient is gewoontlik baie moeilik om te behandel of te diagnoseer, want hulle het reeds 15 moontlike siektes en die oorsake en die gevolge en die medisyne asook al die boererate geGoogle. Dit

is soos die een man wat ingekom vir ‘n ondersoek.  Die arme man het skaars sy jurkie aangetrek toe hy in ‘n sweet uitslaan dat sy sokkies begin prespireer.

“Oom Roelfie, oom kan maar ontspan. Dit is net ‘n gewone roetine ondersoek. Niks ernstig nie. Ek gaan oom net ‘n paar vragies vra waarop oom vir my eerlik moet antwoord asseblief. Het oom al enige operasies ondergaan….”

Die oom se oë rek so groot soos twee teaterligte en hy antwoord met ‘n bewende stemmetjie.

“Ja Dok….Hulle het my eierstokke uitgehaal….”

“Askies oom?”

“Ja, die hele lot van hulle is uit.  Ou Anna wou nie weer geswelde voete en ‘n boep kry nie. Maar dok, ek is nou so effe bekommerd.  As die eierstokke mos nou uitgehaal is sit ek nou met ‘n helse problem…Ek het nog nie gekom vir ‘n PAPsmeer nie.  Anna sê dit is baie belangrik dat ek so gou as moontlik vir een moet kom…”

Ek het vir die oom geglimlag en gefluister.

“Oom Roelf – oom hoef nie te worry nie…Na daai operasietjie van oom is oom nou soos ‘n Spur Breakfast Special – scrambled eiers, krummelpap met ‘n halwe boereworsie vir ‘n bederfie so nou en dan!

Die ander voorval was ‘n ou tannietjie wat ingekom het en toe die ginekeloog haar vra:

“Nou tannie, waarna kyk ons vir jou vandag….”

“Dokkie, ek wil hê jy moet vir my kyk na my Virginia. Niks anders nie, net die Virginia.”

Dokter het geglimlag en gesê: “Tannie, trek maar vir ons gou daai jassie aan - ”

“Maar Dokkie, wil jy nou staan en vatterig raak? Waar wil jy dan kyk?”

“Tannie ongelukkig moet ek deur Welkom, Kroonstad, Henneman en Odendaalsrus ry voor ek by Virginia kan uitkom….”

**<u>SQ 6 – WALK OF LIFE</u>**

En dan is daar natuurlik jou Maniese mammas. Nou hulle is 'n spesie op hulle eie, want sodra die klein kroonprinsie 'n loopneusie het of as sussa se tandjies beginne jeuk is dit so goed daar het sopas 'n ongeneeslike siekte of dodelike runderpes uitgebreek. Dit is ook nodig om aan te teken dat maniese mammas slegs in verkleinwoordjies praat wat dit soms moeilik maak om die erns van die situasie te bepaal. Hierdie is 'n tipiese voorbeeld van 'n maniese mamma.

"Goeiemôre mevrou Marias. Ek sien u het vir klein Barnie ingebring. Nou wat is dan fout met die grootman vandag? Kom sê vir dokter wat is seer?"

"Ag dankie dokter, u is tog so gaafies en altyd so vriendelikies met klein Barnietjie. Pikkewyntjie kom sit hier dan sê ons gou vir oom Doktertjie wat is fout. Ag dokter, ek weet nie of dit ernstig is nie, maar Pikkewyn het 'n vreeslike eetlus, ek wil nou nie die bobbejaantjie agter die berg gaan haal nie, maar hy eet darem vreeslik vir 'n vierjarige. Ons het hom nou die dag gevang toe het hy 'n hele tjokkie, vier tjoppies, 'n stuk boereworsie en twee braaibroodjies verslink. Ek dink dit is wurms. Verder is sy wangetjies vir my te rooi. Maar soos 'n pienk opslagrooi nie soos 'n bloosrooi nie, ek het sy koppietjie gevoel en vir hom 'n setpilletjie gegee, maar sy koors lyk heel normaal. Dan kla hy dat sy boudjies jeuk...ek het ook gesien daar is rooi kolletjies op sy tottertjie, en ek het gehoor Elsje se klein Kristen en Marcha se Marle'tjie het rooi kolletjies op hulle tottertjie en doeksie so nou weet ek nie het hulle net in die sandput gespeel of het hulle dokter-dokter gespeel of wat die hel gaan aan nie, want sandvlooie kan ook net so ver spring so ek kan nie dink dat my klein Bosvarkie sy vlooie twee straatblokke ver kan laat spring nie. Ek wonder of dokter nie ook sommer moet kyk na sy keeltjie nie, hy bly sy keel skoonmaak en hy kla dat hy die heeltyd dors is. Siestoggies, ek moes vir arme Pikkewyntjie al drie glase guava sapppies aanmaak vandag. Ag asseblief dokter, wat is fout met my Barnietjie, ek dink ons moet hom dadelik opneem en laat toets....

"Mevrou – ek het nou notas gemaak – eetlus, knoppies op sy tottie...skuus, geslagsdele, rooi wange, boudjies wat jeuk, moontlike uitslag, keel wat jeuk...dors...."

“Arme Pikkewyntjie! Dokter, ek het alles geGoogle – Barnietjie kan een van die volgende hê - kompulsiewe eetsteurnis, seksueel oordraagbare siektes, skilferkors, ekseem, diaree, sandvlooie, sinisitus, diabetes....”

“Mevrou dit is ‘n alergiese reaksie. Koejawelsap. Hy is net alergies vir koejawelsap.”

Sy het dit nie gesien nie, maar onderaan my notas het ek lewensgroot geskryf: CHILL NET JOU GUAVA!

**SQ 7 – Don’t worry, be happy**

En dit is dan wanneer ek wonder, hoe doen julle dit? Hoe kry julle dit reg om steeds deur al die stres, trauma, lang ure, laat nagte, operasies en konsultasies steeds jul empatie en simpatie te behou? Ek dink dit is omdat julle so naby aan elke mens se binneste toegelaat word, daardie geheime kamer waar niemand kom nie, daar waar vrees en hoop saam toegesluit word, daar waar die mens kwesbaar is, daar waar die liefde lê.

**<u>MATILDA</u>**

Môre Nursie! En hoe gaan dit vanmôre....draai bietjie so dat ek jou namebadge kan sien. Nog so bietjie! Ek het ‘n ding oor ‘n naam. Jy weet, ‘n naam sê baie van ‘n mens. En dit kleur ook so half en half die prentjie in dat jy darem weet wat jy kry as jy aan iemand voorgestel word. Ek bedoel ‘n naam moet pas. Hy moet sy lêplek kry op iemand se tong en in iemand se lyf. Hoe sal ek dit nou verduidelik – kyk, ‘n Hermanus kan nie pas by ‘n Frikkie nie. ‘n Hermanus sal ‘n groot man wees, met blou oë soos die see, en swart hare wat later grys sal verkleur soos dryfhout, met ‘n onstuimige speelsheid soos ‘n dolfyn. ‘n Frikkie sal weer ‘n maer mannetjie wees, waarskynlik met groterige voortande wat sukkel om die *f* uit te druk en arms wat te lank is vir sy skouerpotte. Nou daai is ‘n Frikkie! Dieselfde geld vir Frik. ‘n Frik is nie ‘n Frikkie nie. ‘n Frik is dik. Met ‘n ronde styfgepompde pens soos ‘n frikkadel. En met ‘n groot rooi neus van teveel whiskey....want Frik rym met hik...verstaan julle. Name is belangrik. (*giggel)* Julle dink seker ook ek het te diep in die mofien ingekyk. Al die nursies hier in die saal dink so. Maar ek is nog honkey dory! Ek het deesdae net so baie tyd om te dink en te filosofeer dat ek soms verlore raak in die gange van my gedagtes. Gedagtegange. Dis mooi nê? Nou terug by die name. Ek is Matilda. Ek was nie altyd Matilda nie, maar ek

het van kleins af geweet ek pas nie in my naam nie. Mara. Ek was te vet vir 'n *Mara.* Ek meen, jy weet mos of jou naam pas of nie pas nie. Ek was ook nie lus vir die negatiewe naamskending nie – Ou Bitter Mara, sy wou daai romp aantrek, MARA boude is te groot....Nee not te wiel! En toe ek 18 word toe loop verander ek my naam na Matilda. Much better! Ek het dadelik tuis gevoel en geklink. Die nursies hier in die saal noem my Merry Matilda. Ek hou daarvan. Ek is nie 'n sannie suurtiet nie! No ways, dit is net nie deel van my make-up nie. Selfs al is ek nou hier. So what. My seun Herkiel (dit is afgekort van Hercules) vat dit baie sleg. Oor die knop wat hulle gekry het. Ek het vir hom gesê: "Herkiel, relax boeta. Ons almal het knoppe – knop knieë, knop koppe, knop gatte, knopskouers, 'n knop in die broek, 'n knop is 'n knop is 'n knop....so what..." Maar my knop was toe nie net 'n knop nie. Herkiel het lank na my gekyk en gesê: "Mamma, as jy moet weggaan sal daai knop in my keel vir altyd agter bly..." Shame. My arme kind. Ma gaan nog nie weg nie. Wel, nog nie. Ma het nog te veel dinge om te doen. Jy weet Nursie, vandag is 'n goeie dag. Nee regtig! Vandag is sommer 'n goeie dag. Ennie en Connie kom kuier. Ennie se regte naam is Emerentia, maar dit is 'n te lang naam vir so kort vroutjie. En Connie is haar dogter. Ek het gesê hulle moet vir Connie Conrad doop - sy is vreeslik grof vir 'n vrou, maar Ennie het net gesê haar dogter is nie 'n lebanees nie, sy sal 'n vroulike naam dra tot sy die dag besef watter wonders lipstiffie en eyeshadow aan 'n mens se voorkoms kan doen. Ennie het saam met my gebly in die selfsorgeenheid. Jy weet Nursie, Ennie vertel vir my nou die dag, sy het net klaar Days of our Lives gekyk toe die ambulans skielik by Ou Lollie van nommer 21 stop. Ek noem haar Rollie, want sy is te dik om 'n Lollie te wees. Sien jy Nursie, weer 'n naam wat nie pas nie. In elk geval, daai vrou is so groot soos die Here se genade, ek dink nie enige ander naam behalwe Rollie kan haar pas nie! Anyway, Ennie sê toe sy op die stoep staan om te kyk wat gaan aan is dit net ER manne in rooi en groen overalls en nurses wat uit die ambulans spring. Ennie dag nog "Hier is dit nou, Lollie se hart het haar aangeval!" Sy vra toe ewe vir ou Suurgat Gawie van nommer 11 wat gaan aan, is Lollie dood? Toe sê Gawie: "Wat wou! Lollie sit vas in die bad. Hulle kry haar nie uit nie, sy het uitgesit soos 'n bak stampmielies toe sy daai water tref, en nou sit sy waar sy sit!" Haai jitte Nursie, ek het gelag! Ek mis vir Ennie. Ennie maak nog tuin. Ek mis dit. Jy weet. My plekkie. Hier is dit nie sleg nie, maar mens soek jou huis en jou goedjies om jou. Die ouderdom het in my lyf in kom trek soos 'n blêrrie losieshuis. En voor ek kon keer toe nooi hy al sy tjommies, rummetiek en parkensins ook saam. Ouderdom is nie grappies nie hoor. Jy voel kompleet soos 'n blêrrie

ou kar! Vol krappe en duike, met 'n enjin wat opseize en los moere in al die important places. Nursie, mag ek maar my suurstof kry? (*steek 'n sigaret aan)* Ag I know, Herkiel het my al so geskel. Raas en raas en raas van die môre tot die aand. "Ma gaan ma nog vrek rook!" sê hy altyd. Dan sê ek vir hom: "Herkiel, ma rook al oor die 40 jaar, hierdie ou bietjie teer wat ek inasem is lankal nie meer genoeg vir die potholes daar binne nie....los maar vir ma uit asseblief." Dan gaan staan hy buite en kom later terug met vars blomme en 'n blikkie cream soda. Nursie, sal jy tog onthou om my speakers in te plug. Vandag gaan darem wragtig 'n special dag wees. Ennie en Connie kom kuier. En vanaand kom Barry saam. Barry het oorkant my woonstel gebly. Sy naam is eintlik Bertus, maar Barry pas hom beter. Ek het altyd gewonder oor Barry. Ennie het vir my gesê sy sien 'n ding kom. Maar ek het niks gesien nie. Barry het altyd net so verby my tuin geloop, dan sê ek "Mirrag Barry..." en hy sê "Mirrag Tilla..." "Lekker dag nê?" "Ja Tilla." "Gaan jy Santa Barbara kyk vanaand?" "Ja, sal sien..." "Oraait. Enjoy." "Dankie Tilla. Mooi dag vir jou Tilla. Lekker slaap..." En dan loop hy na sy woonstelletjie toe en gaan drink tee op die stoep. Ennie het aanhoudend gekarring dat ek hom moet nooi vir koek en tee toe sê ek vir haar oor my dooie ligaam. Barry se vrou is skaars in die graf, en ek slaap nie op 'n ander man se lakens wat nog warm gelê is nie. En so het ons maar aangekarring. "Mirrag Barry..." "Mirrag Tilla..." "Jou Petunias lyk mooi Barry..." "Dankie Tilla, ek sal vir jou 'n paar uithaal." "Dankie Barry." "Van watter hou jy?" "Daai rooi en wittes met die strepies...dit lyk soos daai gekleurde sirkus humbucks...onthou jy nog daai sweets Barry..." dan glimlag hy net en kom later terug met 'n boksie vol plantjies. Daar was nooit iets nie. Net 'n môre en 'n middag en 'n hoe gaan dit vandag. Tot die dag van die knop. My deurklokkie het laataand gelui. Ek skrik en dag dit is Ennie wat moeilikheid het. Ek het die deur oopgemaak en daar staan Barry.

"Tilla, ek het gehoor van die knop...ek is jammer. Tilla, ek het gewonder, al 'n lang ruk...kan ons nie maar die knoop deurhaak nie. Seblief tog Tilla. Ek dink ek het jou lief. Dalk bietjie meer as wat ek wou erken..."

Ek het geskrik en gesê: "Barry, jy kan mos nie gaan staan en trou met 'n vrou wat amper weer oppad graf toe is nie..." Barry het die ring uitgehaal en aan my krom vinger gedruk.

"Dis okay Tilla.  Tenminste weet ek dan ek kon jou liefhê met my alles. Anders sou hierdie geheim saam met my moes graf toe gaan en ek weet nie of daar genoeg plek is vir rus met so groot gevoelte in my binneste nie..."

Nursie, is die speakers aan.  Speel vir my nommer 6.  Vandag is 'n goeie dag.  Selfs met die knop.  Ek en Barry trou vanaand.  Sommer net hier. Nursie sal jy onthou om my te kom help met my hare. (*sy haal haar pruik af)* vandag moet ek op my mooiste lyk.  Sal jy onthou om vir Herkiel te bel en te vra of hy die blomme sal onthou.  Seblief Nursie.  Sê gou vir my – hoe sê mens jou naam? Itumeleng....Wat beteken dit nursie? Be gratefull....I am. I am gratefull. Dankie Nursie.  Jy kan maar aansit. Dankie Itumeleng.  Dankie.

**SQ 8 – SOMEWHERE OVER THE RAINBOW**

En daarmee sluit ek af Dames en Here.  Dankie vir elkeen van julle. Vir elke dokter, ontvangsdame, chirurg, karioloog, ginekeloog, pediater, dankie vir alles wat julle vir ons doen. In die gemeenskap, in ons stede, in ons dorpe, in ons huise en in ons lewens.  Dankie dat ons kan weet julle is altyd daar.  Selfs al is dit net 'n oproep ver.  Van hier in Bloemfontein, dwarsdeur Kroonstad, skuins oor Welkom, deur Henneman, verby Odendalsrus selfs tot by VIRGINIA!  Dankie vir elkeen van julle se ongelooflike passie tot die medici.  En onthou net, as julle ooit 'n verpleegster nodig het – kontak my gerus, my 5 Liter bottel dettol staan gereed op standby!

**SQ 9 -  DOKTER DOKTER**